2018 JAAREIND VERSLAG

**English version below*

Die 2018 seisoen het gekom en gegaan. Daar was hoogtepunte en laagtepunte, maar deur dit alles was dit ‘n suksesvolle seisoen en is ons heeltemal tevrede.

In 2017 het ons vir die eerste keer die 900 betaalde duiwe merk gehaal, wat beteken het dat ons vir ‘n paar jaar die prysgeld moes subsideer.

In 2018 het ons egter alle rekords oortref en het ons die eerste wedvlug met 1340 Jaarouds en 482 Ope duiwe begin met 72% Van die Jaarouds en 92% van die opes wat gemandjie is vir die finaal. Ongelukkig was almal nie betaalde duiwe nie, maar ons was nog steeds in die goeie posisie om die adverteerde prysgeld te verhoog! Ons het dus in die finaal 20 ekstra plekke in die Jaarouds en 10 in die Opes uitbetaal. Die grootste gedeelte van die addisionele prysgeld is aan die ACE pigeons uitbetaal met 10 plekke elk in die Jaarouds en Opes. Die prysgeld vir die Spankompetisies en die Knockout kompetisies is ook verhoog. Die totale prysgeld vir die 2018 seisoen wat gedek is deur die R1,000 inskrywingsgeld het dus R762,500 beloop. Totale prysgeld vir die jaar, Matjiesfontein ingesluit, R920,400! Die Sentrale Hokke het vanjaar 230 plekke prysgeld uitbetaal en dit bied aan u die grootste geleentheid om ‘n dividend terug te maak.

Die gemiddelde spoed vir die seisoen was ongeveer 1,265 m/min met wedvlugte wat gewissel het tussen 1,128 en 1716 m/min.

Die Matjiesfontein Challenge is ook met sukses aangebied en 203 duiwe is ingeskryf en ‘n totale prysgeld van R157,900 is uitbetaal. Ongelukkig was dit nie so ‘n harde wedvlug as wat ons gehoop het nie, maar dit was nogtans ‘n groot sukses en sal nou jaarliks aangebied word. Dit bied geleentheid vir deelnemers om hul duiwe op ‘n langer afstand en ook die jonges teen die opes te meet. ‘n Heeltemal nuwe kompetisie dus.

Die prysuitdeling en veiling wat op 20 Oktober plaasgevind het was ook ‘n groot sukses, ten spyte van moeilike ekonomiese tye. Ongeveer 100 duiwe is verkoop teen ‘n gemiddelde prys van ongeveer R1,920 elk. Die hoogste bod van R13,800 is behaal deur die R100,000 Finaal wenner van Gerhard Steenkamp. Voorwaar ‘n voortreflike duif. Ons wil hiermee elkeen wat die veiling bygewoon en ondersteun het hartlik bedank. Ook ‘n opregte dankie aan elkeen wat so hard gewerk het om die dag ‘n sukses te maak.

Die laagtepunte hierdie jaar was dat ons ‘n hele paar van ons mede deelnemers aan die dood moes afstaan. Ons dink veral aan Gigi Gaddin, Nico Dreyer, Hendrik Cooper, Ben Saayman en Mike Fox. Hulle was getroue ondersteuners van die Sentrale hokke en ons onthou hulle met groot leedwese. Onthou nog so goed die dag toe Gaddin Bros en Charl Stander die finaal in 2013 gewen het. Gigi was op ‘n seiljag in die Griekse eilande en het met sy laptop gesit en wag vir die duiwe. Toe hulle duif eerste instap het hy geskree en so vinnig opgespring dat die laptop amper in die see val!

Ons wil ook graag vir u as deelnemer opreg bedank vir die vertroue in ons gestel en u goeie gesindheid en ondersteuning deur die jaar. U as deelnemer is die spil waarom hierdie hok se sukses draai en ons is waarlik geseën met die kaliber deelnemers wat ons hok ondersteun.

Die hok is alreeds oop vir die 2019 innames en daar is ongeveer 450 ou duiwe ingeskryf met alreeds meer as 300 jonges in die hok. Ons het verlede jaar byna ons maksimum kapasiteit bereik en kan nie veel meer duiwe inneem nie. U moet dus asb nie te lank draai om u inskrywings te stuur nie.

Inname sluit einde Februarie 2019.

END OF SEASON REPORT 2018

The 2018 season is something of the past. There were highs and lows, but it was a successful season and we are completely satisfied.

In 2017 we met the mark of 900 paid pigeons for the first time, which meant that we had to subsidize the prize money for a few years.

In 2018, however we exceeded all records and basketed 1340 Yearlings and 482 Opens for the first race with 72% of the Yearlings and 92% of the opens basketed for the final. Unfortunately, all were not paid pigeons, but we were still in the fortunate position to increase the advertised prize money! We paid 20 extra places in the Yearlings Final and 10 in the Opens. The largest part of the additional prize money has been allocated to the ACE pigeons with 10 prizes each in the Yearlings and Opens. The prize money for the Team Competitions and the Knockout competitions has also been increased. The total prize money for the 2018 season covered by the R1,000 entry fee thus amounted to R762,500. Total prize money for the year, including Matjiesfontein, R920,400! The Central Loft paid out 230 places this year, giving you the best opportunity to return a dividend on your entry fee.

The average speed for the season was approximately 1,265 m / min with races varying between 1,128 and 1716 m / min.

The Matjiesfontein Challenge was also successfully presented and 203 pigeons were entered with a total prize money of R157,900. Unfortunately, it was not as tough a race as we wished, but it was nevertheless a great success and will now be presented annually. It allows participants to measure their pigeons at a longer distance and also the youngsters against the old birds, thus a completely new competition.

The auction and award ceremony took place on October 20th and was also hugely successful, despite difficult economic times. About 100 pigeons were sold at an average price of approximately R1,920 each. The highest bid of R13,800 was achieved by the R100,000 Final winner of Gerhard Steenkamp - truly an outstanding pigeon. We would like to thank everyone who attended and supported the auction. To everyone that worked so hard to make the day a success, our sincere thanks.

The lows of this season were that we had to say our final farewells to a number of our fellow participants. We think mainly of Gigi Gaddin, Nico Dreyer, Hendrik Cooper, Ben Saayman and Mike Fox. They were faithful supporters of the Central Loft and we remember them with great fondness. I still remember the day when Gaddin Bros and Charl Stander won the final in 2013. Gigi was on a yacht in the Greek islands and sat with his laptop waiting for the pigeons. When their bird walked in first, he shouted and jumped so high that the laptop nearly fell into the sea!

We would also like to sincerely thank you as a participant for the confidence put in us, as well as the support and good attitude throughout the year. You as our participants are the key to the success of this loft and we are truly blessed with the caliber participants who support us.

The loft is open for the 2019 intake and about 450 opens have been entered with already more than 300 youngsters in the loft. Last year we reached our maximum capacity and cannot accommodate much more pigeons. So please do not wait too long to submit your entries.

Entries close at the end of February 2019.